Made in China

Karakters:

Stoffel

Wysneus

Wysneus: Hallo Stoffel.

Stoffel : Hallo Wysneus.

Wysneus: Ek het ‘n voëltjie hoor fluit dat jy die week verjaar.

Stoffel : ‘n Voëltjie? Hoe’t hy dit gefluit?

Wysneus: By wyse van spreuke.

Stoffel : Spreuke? Ek het al daarvan gehoor... Maar nou kan ek nie onthou waar nie.

Wysneus: Dalk hier by die kerk?

Stoffel : Natuurlik hier by die kerk. Jy het dit nou net gesê: SPREUKE... en ons is by die kerk. Maar ek bedoel voor dit.

Wysneus: Dan was dit seker in die Bybel?

Stoffel : Ja! Ek onthou nou, maar hoe het jy geweet.

Wysneus: Want Spreuke is ‘n boek in die Bybel.

Stoffel : Hoe kan spreuke ‘n boek in die Bybel wees? Die Bybel **is** dan ‘n boek?

Wysneus: Stoffel, ek weet die Bybel is ‘n boek, maar eintlik is die Bybel ‘n versameling van boeke, waarvan Spreuke wat deur koning Salomo geskryf is, een is.

Stoffel : Koning Salomo wat so slim was?

Wysneus: Die einste.

Stoffel : Dis gin wonder jou naam is Wysneus nie... jy’s net so slim soos koning Salomo.

Wysneus: Stadig Stoffel, ek mag dalk baie weet, maar ek weet nie als nie.

Stoffel : ... En dis seker hoe jy geweet get dat ek verjaar! Dit en daai voëltjie wat kan fluit.

Wysneus: (Lag) So iets, maar jy kan seker nie wag om jou persente te kry nie?

Stoffel : Hoe’t jy geweet? Jy’s regtig slim.

Wysneus: En gaan jy ‘n partytjie hou?

Stoffel : Ja. En as jy vir my ‘n persent bring, kan jy ook kom. [komma na bring]

Wysneus: En as ek nie een bring nie?

Kopiereg: Danie Matthee (2013)

Stoffel : Dan kan jy maar by die huis bly.

Wysneus: Dis nie baie mooi van jou nie, Stoffel. [komma na nie]

Stoffel : Ek weet, maar dis hoe dit werk! Vra maar die maatjies?

Wysneus: Maats, is dit regtig so? Hou 'n mens net partytjie om baie persente te kry? Mens se verjaarsdag gaan eintlik glad nie om persente nie.

Stoffel : Maar ek hou van persente.

Wysneus: So kom ek agter.

Stoffel : Ek hou meer van groot persente ... groot persente soos skylectric karretjies, of 'n trein wat tegtig kan ry, of 'n go-cart, of 'n X-box, of 'n play... [woordorde]

Wysneus: Stadig, Stoffel, stadig. As jy so baie van persente hou, kan jy onthou wat jy verlede jaar gekry het? [komma na Stadig en na Stoffel]

Stoffel : Wat se persente?

Wysneus: Ja.

Stoffel : ....Mmmmm... Nee. Maar ek weet dit was nie 'n skylectric of 'n trein of 'n go-cart of 'n X-box nie, want ander sou ek dit nie nog steeds wou gehad het nie.

Wysneus: O

Stoffel : Wag, wag nou onthou ek... dit was 'n remote control kar.

Wysneus: En waar's hy nou?

Stoffel : Wie?

Wysneus: Die kar wat jy verledejaar gekry het.

Stoffel : O... Ek dink dis iewers in my kas.

Wysneus: En hoekom speel jy nie meer met hom nie?

Stoffel : Ek kan nie, want hy's stukkend! [komma na nie]

Wysneus: Het jy hom gebreek?

Stoffel : Nee, hy't sommer self gebreek. [komma na nee]

Wysneus: Self gebreek?

Stoffel : Ja, want my pa se hy's made in China.

Wysneus: Ek dink omtrent alles in julle huis is made in China.

Stoffel : Dis seker hoekom alles so breek? Net laas week het die mikrogolf ontplof.

Wysneus:: Lieweland. Ja, die mikrogolf is heel waarskynlik ook in China vervaardig.

Stoffel : Nou sê jy my. En my ma dag al die tyd dis omdat ek en Wouter haar ysterpot vol springmielies daarin gesit het.

Kopiereg: Danie Matthee (2013)

Wysneus: Jou arme ma!

Stoffel : Ja, dis wat sy ook die heeldag sê.

Wysneus: Stoffel, mens kan nie ‘n ysterpot in ‘n mikrogolf sit nie!

Stoffel : Hoekom nie? Dit maak baie mooier sparks as ‘n plastiekbak.

Wysneus: Met jou en Wouter in die huis is dit ‘n wonder dat julle huis nog staan.

Stoffel : Dis presies wat my ma ook sê... net nadat sy gesê het: Arme ek!

Wysneus: Dis ‘n wonder jy en Wouter het nog nie iets oorgekom nie!

Stoffel : Dis omdat ons nie MADE IN CHINA is nie... ons is made in HEAVEN! (Af)

Wysneus: Waar gaan jy nou?

Stoffel : Vir Wouter soek. Ek wil gaan kyk of hy die hond se valskerm al klaar het!

Wysneus: Die wat!? (Af) Stoffel julle kan nie die hond met ‘n valskerm laat spring nie!

Stoffel: Hoekom nie? Of is hy ook made in China?

Kopiereg: Danie Matthee (2013)